



Graad R – Tuis jaar program 2de Kwartaal

Week 1:

- Hou 'n stuk papier tussen jou hande. Klap nou jouhande sonder om die papier te laat val. Probeer dit nou weer maar tik net die vingers teen mekaar.
- Tel van 1 – 20 (as jy kan tot 30)
- Mamma moet 'n woord sê en jy moet sê met watter klank dit begin.
- Trek lyne van links na regs en knip dan op die lyne.

Week 2:

- Gee jou kind 'n lang strook koerantpapier en laat hy/sy dit met 'n sker in stukkies sny.
- Noem getalle onder 5 op en laat jou kind sy hande klap elke keer as hy die getal 4 hoor. Bv. 1,4,8,3,4,4...ens. Voeg nou 'n instruksie by. Laat hy ook sy voete stamp as hy die getal 2 hoor.
- Lê op jou rug, knieë gebuig en voete op vloer. Hande en arms voor jou bors, gereed om 'n bal te vang. Mamma gooi 'n bal. Jy moet die bal vang en teruggooi terwyl jy jou kop oplig en met twee hande vang en gooi.
- Mamma sê 'n 3 letterwoord en jy klap dit bv. k-a-t, m-a-t, b-a-l, t-a-s, ens.
- Oefen om jou skoenveter vas te bind

Week 3:

- Tel terug van 9 – 0.
- Mamma se vier woorde. Luister na die klank wat jy aan die begin van elke woord hoor en sê dan watter woord begin nie met dieselfde klank nie. Bv. bad, roos, by, bos.
- Sê vir mamma die dae van die week. (onthou om later in die middel te begin en aan te sê, bv. Donderdag, Vrydag, ens.)
- Speel 'n telefoonspeletjie. Sê die nommers net soos Mamma dit sê. (Lees elke reeks syfers – een syfer per sekonde)

4 6 2

2 3 7

4 1 6 2

8 5 3 9

2 5 4 6 1

3 4 2 5 8

1 6 2 4 7

3 5 8 2 9

8 1 7 4 2 6

Week 4:

- Skop 'n bal – eers met die een voet en dan met die ander. Lê op die mat en kruis die regterbeen oor die linkerbeen en andersom.
- Pak 5 knope (of geld) van links na regs, met 'n tweevingerspasie tussen elke knopie. Druk met die duim / wys / middel / ringvinger / pinkie tussen die knope sonder om aan die knope te raak. Begin stadig en doen dit later al hoe vinniger.
- Tel van 1 – 20 en as jy kan verder.
- Neem 'n bladsy uit 'n tydskrif en omkring al die o klanke.

Week 5:

- Knip 'n prentjie uit 'n tydskrif van iets wat in die somer of herfs voorkom of gebruik word. (bv. sonhoed, prent van roomys, herfsblare, ens.)
- Watter klank hoor jy heel aan die begin van die woord: kat
Watter klank hoor jy aan die einde van die woord: kat
Doen dieselfde met hierdie woorde: vis, voet, son, man, lig
- Oefen om 'n 5 te skryf. Kyk asb. Of jou kind se potloodgreep korrek is. Onthou eers die af steeltjie, dan die boep maagie en dan die streepie bo van links na regs.
- Kleur 'n mooi prentjie in en gee dit vir 'n spesiale maatjie. Probeer om nie oor die lyne in te kleur nie.

Week 6:

- Kyk of jy nog jou telefoonnommer ken. (sellfoon nommers moet soos 'n liedjie geleer word, want dis lank)
- Mamma noem 3 tot 5 kledingstukke op. Jy moet dit in dieselfde volgorde herhaal. Sy herhaal weer die reeks, maar laat een weg. Jy moet sê watter een is uitgelaat.
- Kyk hoeveel woorde kan jy opnoem wat met 'n k begin.
- Oefen om op een been te spring.

Week 7:

- Sê reënjas. Sê dit weer, maar moenie reën sê nie. (jas) Doen dieselfde met nagrok, handskoen, boomstam, woljas, sonskyn, reënboog en tentpen.
- Teken 'n rooi vierkant in die middel van 'n bladsy. Teken 'n blou driehoek binne-in die vierkant. Teken twee geel sirkels aan weerskante van die vierkant. (Lees instruksies net een keer vir u kind)
- Mamma laat jou na 'n prent in 'n boek kyk. Sy maak die boek toe en jy moet vir haar vertel wat jy alles gesien het.
- Tel in 2's tot 10.

Week 8:

- Skryf die getalle van 0 – 6 en teken langs elke dieselfde aantal kolle.
- Strek jou arms voor jou met jou duime omhoog (liniaal lengte van mekaar), beweeg jou oë van een duim na die ander terwyl jou kop stilgehou word.
- Tel in 1'e tot by 20.
- Tel in 2's tot by 10.